

ESEGIËL



Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe.....	2
Esegiël se visioen.....	3
God praat deur Esegiël.....	4
Van klip na vlees.....	6
Groen druiwe en stomp tande.....	8
Dan sal julle leer: Ek is die Heer!.....	9
Die Goeie Herder.....	13
Sy Naam ter eer.....	15
Die lewegewende water	17

Esegiël se visioen

Die hemel het in 'n visioen oopgegaan
vir 'n boodskap wat ek moes verstaan. (Eseg 1:1)
'n Hewige storm uit die Noorde
bring vir my God se woorde. (Eseg 1:4)

Uit die wolk het vlamme geflits
en blinkend teen die wit metaal geblits.
Vier wesens het daaruit gekom
met vier gesigte elk wat verstom.
Hulle bene was reguit gewees
met kloue soos die van 'n bees (Eseg 1:4-7).

Die voorste was 'n mens se gesig,
links het die bees krag berig.
Die regter gesig: die moed van 'n leeu
en agter die arend se geskreeu. (Eseg 1:9-12).

Langs elke wese was 'n wiel vol edelsteen.
'n Wiel binne 'n wiel het beweegbaarheid verleen.
Hulle het beweeg waar die Gees wou gaan
en as Hy wou, het hulle gaan staan. (Eseg 1:15-21)

Bokant hulle kop was 'n gewelf soos 'n ysberg.
Met twee vlerke het hulle hulle verberg.
Hul vlerke het geruis soos baie mense bymekaar,
soos die gedreun van 'n leërmag daar vergaar. (Eseg 1:22-25)

Bokant die gewelf was 'n troon van saffier
met daarop die gestalte van 'n mens in vuur.
Die glans van die reënboog getuig van trou:
Hierdie magtige verskyning van God sal ek onthou! (Eseg 1:26-28)

Hierdie boek begin met 'n visioen
sodat jy jou met die Almagtige versoen,
want as Hy weer so kom verskyn,
is dit die einde van aardse pyn!

Ja, die boek waarsku oor oordeel wat kom,
maar ook God se genade wat verstom.
Maar net dié wat in Sy woorde glo
sal deel in die vreugde daarbo...

God praat deur Esegïël

Ek wil met jou praat, so jy moet staan!
Ek wil dat jy na die Israeliete toe gaan,
hulle is 'n weerbarstige volk,
maar jy moet My boodskap vertolk. (Eseg 2:1-6)

Open jou mond en eet wat Ek jou bied:
Eet die boekrol met die hartseer lied. (Eseg 2:8-10).
Die Here het my hierdie boekrol laat eet
sodat ek die inhoud van Sy boodskap weet. (Eseg 3:1-3)

Jy moet vir Israel My boodskap vertaal.
Dis jou volk en in jou taal.
Heidene sou berou het in smart,
maar hierdie volk se koppe is hard! (Eseg 3:4-7)

Moenie bang wees nie – Ek is aan jou kant.
Ek maak jou kop ook so hard soos diamant. (Eseg 3:8-9)
Die wat nie luister sal oor sy eie sonde sterf,
maar as jy hom nie waarsku nie sal jy die blaam erf! (Eseg 3:18-21).

Jy moet 'n baksteen vat,
maak daarmee 'n beeld van die stad.
Gooi 'n beleëringswal teen hom
en stormramme moet rondom kom.

Gaan lê dan op jou linkersy
om so die volk se sonde op jou te kry.
'n Dag vir elke jaar se sonde teen My:
Drie honderd en negentig dae moet jy so bly! (Eseg 4:1-5).

Vat koring, gars, boontjies en lensies om te eet -
presies net tweehonderd en dertig gram gemeet.
Maak dit op mens uitwerpsel gaar en skep dit in.
Drink water met tussenposes, ook maar min...(Eseg 4:9-12).

Dis 'n beeld van Jerusalem se hongersnood:
Bekommerd sal hulle gebrek ly aan brood.
Vir water sal hul volgens maat in toue staan,
mekaar met skrik aanskou en van sonde vergaan. (Eseg 4:16-17).

Mens, vat 'n skerp swaard
en sny af jou hare en jou baard.
'n Derde moet jy in die stad verbrand.
'n Derde moet jy fynkap buite in die sand.
'n Derde moet jy in die wind weg laat waai,
want so gaan ek verwoesting onder hulle saai
Jy moet 'n klompie hare agterhou:
Werk dit toe in jou klere se vou... (Eseg 5:1-4,12).

As My woede daarna verkoel,
sal hulle weet wat het Ek bedoel.
Eers dan sal hulle verstaan:
Ek was oor hulle begaan... (Eseg 5:12-13).

Moet jy ook eers alles verloor,
voor jy God se boodskap gaan hoor?
Hierdie profeet wil met jou ook praat,
want ook jy het die verbond verlaat.

Luister tog want jy moet verstaan:
Jou God is diep oor jou begaan.
Jy moet in Sý beloftes glo en vertrou
dat Jesus jou in Sy klere toevou.

Uit die dieptes roep ek na U, o Heer,
Moet tog nie my hulp geroep ignoreer (Ps 130:1-2)
As U my sonde sou gadeslaan,
wie sou dan nog kon bestaan? (Ps 130:3)

Ek stel my vertrouwe in Hom wat leef,
want ek weet U is die een wat vergeef.
Die Here sal sy Woord vervul (Ps 130:5)
en my weer in sy troue liefde omhul. (Ps 130:7)
Al is dit nou hier donker nag,
sal ek op die Here alleen bly wag! (Ps 130:6)

Van klip na vlees

Die leiers van Juda het voor my gesit
toe neem die mag van die Here my in besit.
Ek het deur die lug na Jerusalem gegaan
en voor die afgodsbeeld gestaan. (Eseg 8:1-4)

Ek moes die voorhof muur afbreek
om te sien wat die leiers wegsteek.
Daar het hulle afskuwelike gode gedien,
want hulle dink God kan dit nie sien... (Eseg 8:7-13)

Daar was geen agting meer vir God's gebod:
Vrouens het gehuil oor die vrugbaarheidsgod.
'n Stuk of vyf en twintig man in getal,
het in aanbidding voor die songod neergeval. (Eseg 8:14-16)

Sien jy hoe die volk my tart?
Al roep hulle ook hoe hard
sal Ek hulle nie hoor,
as die vyand hul vermoor... (Eseg 8:17-18)

Die straf is naby vir die stad!
Jy moet jou skrywersakkie vat
en voorkoppe merk van die wat kla
oor hoe afskuwelik die volk hul gedra.
Vir hulle wat vir die sonde grieve
het Ek nog innig lief! (Eseg 9:1-4)

Gaan agter hom aan
om die res dood te slaan.
Begin by die heiligdom -
jonges en ook dié in ouderdom.
Moet hulle nie jammer kry,
want hierde opdrag kom van My! (Eseg 9:5-6)

Die oorblyfsel is nie hulle wat in Jerusalem bly.
Nee, dis die gelowiges, al is hulle versprei.
Al is hulle ver, het Ek self hulle heiligdom gebly,
Ek gaan hulle vergader en hul sal die land terugkry. (Eseg 11:15-17)

Ek sal hulle 'n ander hart gee
en ook 'n nuwe gees daarmee.
Hulle sal volgens my voorskrifte leef
en na al my bepalings streef.

Hulle sal My volk wees
en Ek sal hulle God wees.
Ja, 'n kliphart sal nie meer daar wees,
maar 'n warm hart - een van vlees. (Eseg 11:19-20)

Met 'n hartverskeurende daad
het God Sy tempel en stad verlaat...
Al het hierdie gesig my so ontstel,
moes ek dit vir die ballinge gaan vertel. (Eseg 11:22-25)

Groen druiwe en stomp tande

Die man wat hom met My versoen,
wat reg laat geskied en reg doen,
hy wat na My voorskrifte strewe,
vir hom sal Ek laat lewe. (Eseg 18:5-9)

Maar as sy wilde seun nie leer
en bly om ander se vroue te onteer
en nie die sonde ontsien,
sal hy die dood verdien! (Eseg 18:10-13)

Maar as die kleinseun doen wat ek bepaal,
sal hy nie vir sy pa se sondes betaal:
Ek sal die seun vergewe,
en hy sal dan bly lewe,
maar sy pa sal Ek nie ontsien,
want hy het die dood verdien. (Eseg 18:14-18)

Dis nie My wil dat die goddelose sterf,
maar dat hy hom bekeer en die lewe erf. (Eseg 18:23)

As iemand ophou om goed te doen,
sal sy vorige dae hom nie kan versoen.
Maar as 'n goddelose hom bekeer,
dink Ek nie aan sy sonde meer. (Eseg 18:21-24)

Moenie met woorde van reg speel -
Ek sal altyd regverdige oordeel! (Eseg 18:25-29)

Oor jou eie optrede moet jy jou kwel
Israel, Ek gaan die oordeel oor jul vel!
Maar jy wat goed doen hoef nie te bewee,
vir jou gee Ek 'n nuwe gees en lewe!

Jy word gered uit genade alleen,
op grond van Christus se verdienste alleen,
deur die geloof alleen
tot goeie dae sonder perke
en daarom volgens goeie werke.
So doen jy alles volgens Sy gebod,
alles tot eer van die Drie-enige God!

Dan sal julle leer: Ek is die Heer!

As die dooie liggame tussen julle lê (Eseg 6:7),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle lyke tussen julle afgode stink (Eseg 6:13),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer jul land verval na verlate woestyn (Eseg 6:14),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer julle vir jul afskuwelike dade betaal (Eseg 7:5,9),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer julle kry wat julle verdien (Eseg 7:27),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer julle kook soos vleis in 'n pot (Eseg 11:11,12),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek julle uitmekaarjaag en verstrooi (Eseg 12:15),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer die stede in puin hope verander (Eseg 12:20),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer profete soos jakkalse moet aas (Eseg 13:4,9),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer leiers tot spot gemaak word (Eseg 14:8),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer vuur julle verteer (Eseg 15:7),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek my verbond steeds hou (Eseg 16:62),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle in alle windrigtings verstrooi (Eseg 17:21),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Julle moet weer die Sabbat heilig hou (Eseg 20:20),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As jou eersgeborenes verbrand (Eseg 20:26),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle in 'n ander land moet woon (Eseg 20:38),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer Ek julle weer bymekaarmaak (Eseg 20:40),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer Ek handel volgens die eer van my Naam (Eseg 20:44),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer Ek 'n end maak aan jou onreinheid (Eseg 22:15),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle soos silwer in 'n oond gesmelt word (Eseg 22:22),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle afstootlike gedrag op julle eie kop afkom (Eseg 23:49),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As Esegïel vir julle 'n voorbeeld is (Eseg 24:24),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek die Ammoniete uitroei en laat ophou bestaan (Eseg 25:7),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As ek Moab straf met mense uit die Ooste (Eseg 25:11),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek my voluit op die Filistyne wreek (Eseg 25:17),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As Tirus 'n buit vir die nasies word (Eseg 26:6)
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As pes en vyand Sidon dood (Eseg 28:23),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As ek Israel weer bymekaarmaak (Eseg 28:25),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As roofdiere en voëls Egipte vreet (Eseg 29:5),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As Nebukadnesar Egipte plunder (Eseg 29:9),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek al Egipte se inwoners laat omkom (Eseg 32:15),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek julle land 'n verlate, verwoeste plek maak (Eseg 33:29),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek die juk stukkend breek en julle red (Eseg 34:27),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As julle nie weer deur ander nasies verneder word nie (Eseg 34:29),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek my hand teen Edom uitsteek (Eseg 35:3),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As ek met Edom maak wat hy met Israel gemaak het (Eseg 35:11),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As ek my heiligheid laat blyk (Eseg 36:23),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek antwoord op julle gebede (Eseg 36:37),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

As ek lewe in dooie bene bring (Eseg 37:6),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom (Eseg 37:13),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer my woonplek by julle is (Eseg 37:27),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek My voor al die nasies laat ken (Eseg 38:23),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek vuur in Magog se land instuur (Eseg 39:6),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As ek my heilige Naam laat ken (Eseg 39:7),
dan sal julle leer:
Ek is die Heer!

Wanneer ek die land reining van die Gog hordes (Eseg 39:12),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As al die nasies die oordeel sien wat Ek bring (Eseg 39:21),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

As Israel voor al die nasies My erken as heilige God (Eseg 39:27),
dan sal hulle leer:
Ek is die Heer!

Wat gaan dit vat, liewe leser,
voordat jý leer:
Ek is die Heer?!

Die Goeie Herder

Mens tree op as profeet,
sodat die herders weet:
Julle herders moes na my kleinvee kyk,
maar julle het net juisself verryk. (Eseg 34:1-2)

Julle moes die swakkes dra,
dokter, dié wat van siekte kla.
Hul wonde toedraai in 'n doek
en die wat verdwaal het gaan soek. (Eseg 34:3-4)

Maar julle het wreed en hard regeer!
Ek moes jul verstrooi, sê die Heer...
Die kleinvee was herderloos
'n prooi vir roofdiere, so broos. (Eseg 34:4b-5)

Hulle het herderloos rondgedwaal,
daarom gaan julle, herders, betaal!
Julle eet My kleinvee as jul vleis:
Ek sal elkeen van julle terug eis! (Eseg 34:6-10)

Ek sal my kleinvee in verstrooiing raaksien.
Ek sal hulle soek en na hulle omsien.
Ek sal hulle red uit die vyand se hand
en terugbring na die beloofde land. (Eseg 34:11-13)

Hulle sal rustig herkou en wei,
want hulle sal My as Herder kry.
Ek sal die soek wat wegdwaal
en hulle genees van elke kwaal. (Eseg 34:14-16)

Party van julle het die beste gras afgewei
en die weiding vertrap wat toe oorbly.
Julle het skoon water gedrink by die kuil,
maar wat oorbly het julle vervuil. (Eseg 34:17-18)

Van my ander kleinvee kry dus swaar -
Ek gaan regverdig oordeel tussen vet en maer.
Julle wat so met julle koppe stamp,
vir julle wag daar weer 'n ramp... (Eseg 34:19-22)

Ek wil van my dienaar Dawid vertel
wat Ek vir julle as Herder aan sal stel.
Hy sal oor julle regeer
en Ek is God, julle Heer. (Eseg 34:23-24)

Ek sal vir julle die verbond van vrede bring -
Geen roofdier sal die land binnedring!
Rondom My heuwel bring ek voorspoed:
Grond met opbrengs en vrugte in oorvloed. (Eseg 34:26-27)

Liewe leser, jy moet onthou:
Hierdie belofte geld ook vir jou!
Die Lam is op die troon
waar jy vir ewig sal woon.

Hy het jou van swaakry bevry -
Honger en dors sal jy nie meer kry.
Jou Herder sal jou na die lewenswater lei.
Ja, Hy wat op die troon sit sal by jou bly! (Op 7:14-17).

Sy Naam ter eer

Verkondig aan die berge van Israel My woord:
Julle is verneder, geplunder en sonder boord.
Edom het met genot alles vir hulself gebuit,
Ek haal My gloeiende woede op hulle uit. (Eseg 36:3-7)

Ek sal julle weer versorg en beplant.
Ek sal My volk terugbring na die land.
As ek die puin hope herbou,
sal julle my as Here onthou. (Eseg 36:8-12)

Mense opvreet? Nee, nie weer!
Bewoners afskud? Nee, nie weer!
Vernedering aanhoor? Nee, nie weer!
My beloftes is blywend, sê die Heer. (Eseg 36:13-15)

Hulle het die land verontreinig, sê die Heer.
Hulle is onrein soos 'n vrou wat menstrueer,
As straf het My toorn oor hulle losgebreek:
Hulle is uitmekaar gejaag soos Ek My wreek. (Eseg 36:16-19)

Ek is begaan oor My heilige Naam, sê die Heer.
Wat die nasies van julle sien het My Naam onteer.
As Ek (nie ter wille van julle!) optree, sal hulle leer
Ek is heilig, ja, Ek is die enigste Heer! (Eseg 36:20-23)

Ter wille van My Naam se saak,
sal Ek julle bymekaar kom maak.
Vóór dit was Ek julle met water rein,
sodat julle sondes kan verdwyn. (Eseg 36:24-25)

En só sal julle nuwe harte wees:
Nie van klip, maar een van vlees.
Ek gee julle My Heilige Gees,
en Ek sal julle God dan wees. (Eseg 36:26-28)

Ek sal julle ryklik seën
met vrugte en milde reën.
Dan sal julle julle sonde onthou
en julle skaam en daaroor berou. (Eseg 36:29-32)

As ek julle reinig en alles word net meer,
sal die nasies sien: Ek is die Heer!
As die stede opvul sal julle leer:
Ek is julle God, die enigste Heer! (Eseg 36:29-32)

En jy, wat nou hier lees,
ook in jóú hart is Sy Gees.
Ten spyte van jou lewe,
het Hy jou sonde vergewe.

Gee Sy heilge Naam die eer,
want Hy is die enigste Heer!

Die lewegewende water

Esegiël is weggevoer om te vertolk
God se wonderlike plan vir Sy volk.
Op die dag om Pasga voor te berei
het hy hierdie visioen gekry. (Eseg 40 :1-4)

In my vorige visioen was God se daad
om die tempel, Sy woning, te verlaat... (Eseg 11:23).
By die oospoort van die tempel val ek neer,
dit was gevul met die teenwoordigheid van die Heer! (Eseg 43:5)

Mens, hierdie is die plek van My troon,
waar Ek tussen My mense woon,
maar moenie weer naby My tempel bou
en julle moet julle van afgode weerhou. (Eseg 43:6-9)

By die tempeldrumpel se oostekant
het water gesyfer uit die sand.
Vyfonderd meter weg was dit enkeldiep.
Nog vyfhonderd meter verder kniediep.
Nog vyfhonderd verder was dit by my heup.
Vyfhonderd verder en dit het my weggesleep. (Eseg 47:1-5)

Die water het alles laat lewe:
Die Dooie see het van vis gebewe!
Vissers sal daar nette droog maak,
die blare sal mense gesond maak. (Eseg 47:6-12)

Elke maand sal die vrugtebome bot,
want die water se oorsprong is van God. (Eseg 47:12)
In Openbaring sien ons die beeld weer,
wat moet hierdie visioen ons leer? (Op 22:1-2)

Ons kan meer hieroor lees
as Jesus leer by die huttefees:

Elkeen wat gewone water drink
sal weer vir sy dors moet skink,
maar die water wat Ek hom gee
bring borrelend die ewige lewe mee. (Joh 4:13-14)

Jesus sê verder: As jy dors het kom na Hom,
stromende water sal uit jou binneste kom!
Hiermee het hy verwys na die Gees,
want as jy glo sal Hy binne jou wees! (Joh 7:37-39)

Na die uitsorting van die Gees
was dit presies so gewees.
Die evangelie het meer en meer versprei
en oral het mense die ewige lewe verkry.

Die visioen eindig waar Esegïël 'n stad gewaar.
Die naam daarvan: Die Here is daar!
Die ballinge, gebroke en broos
ontvang so 'n ongelooflike troos...

Maar jy moet nog verder lees:
Jy sêlf is die tempel van die Gees.
Jy is gekoop en die prys is betaal (I Kor 6:19)
God sal jou beslis kom haal!
Laat die lewende water uit jou loop
sodat meer en meer hul daarin doop.

Ja, Hy sal ons God wees
en ons sal Sy volk wees.
God se woonplek is by die mens -
vir wat meer kan jy wens? (Op 21:3).